

# Die Evangelie volgens Lukas: Terugskou oor die Lukasevangelie se beklemtonings – Francois Malan

Die Evangelie begin met 'n **inleiding** oor Lukas se skriftelike en mondelinge bronne en sy doel om dit in 'n betekenisvolle samehang aan te bied om mense tot God te bekeer om die ware geluk te beleef (1:1-4). Daarop volg **1:5-4:13** met die geboorteverhale van Johannes en Jesus, ook die voorbereiding, doop en versoekings van Jesus. Die **eerste hoofdeel** (4:14-9:50) vertel van Jesus se lering, gelykenisse en wonders in Galilea. Die **tweede hoofdeel** (9:51-19:27) Jesus op pad na Jerusalem vir die einddoel van sy koms na die aarde, met talle gelykenisse en lering en min wonders. **Derde hoofdeel** (19:28-24:53) Jesus in Jerusalem: intog, profetiese rede, instelling van die nagmaal, Getsemane, gevangeneeming en verhoor, kruisiging, dood, opstanding hemelvaart.

Lukas plaas die verhaal van Jesus in die raamwerk van die **wêreldgeskiedenis** in 2:1-2 en 3:1. Lukas voer Jesus se stamboom terug tot by Adam, die vader van die ganse mensdom (3:23-38)). Ou Simeon sê dat Jesus 'n lig is wat vir die nasies tot openbaring dien (2:32). Lukas gee ook besondere aandag aan die Samaritane (10:33-37; 17:16). Die boodskap oor Jesus is vir alle nasies bedoel.

Lukas lê besondere klem op die **Heilige Gees** wat werksaam is by Johannes die Doper (1:15), Maria (1:35), Elisabet (1:41), Sagaria (1:67), Simeon (2:25) en by Jesus (1:35; 3:16, 22; 4:1,14,18), en belof word aan sy volgelingen (11:13; 12:12; 24:49); wie teen die Gees laster kan nie vergewe word nie (12:10).

**Gebed** speel 'n belangrike rol in dié Evangelie. Nege keer het Jesus gebid: by sy doop (3:21), gereeld teruggetrek in afgeleë plekke (5:16), 'n hele nag in gebed voor die verkiesing van sy 12 apostels (6:12), alleen met sy dissipels (9:18), op die berg van verheerliking (9:28-29), sy lof aan sy Vader (10:21), toe die dissipels gevra het Hy moet hulle leer bid (11:1-4), in Getsemane (22:41-45), aan die kruis

(23:34,46). Twee van sy gelykenisse gaan oor gebed: die vriend om middernag (11:5-13) en die weduwee en die onregverdige regter (18:1); vgl. die Fariseër en die tollenaar se gebede (19:10-14).

**Vreugde** oor die genade van God word beklemtoon: 2:20 die engel aan die skaapwagters; vreugde oor verlore goedere en mense wat gevind word in 15:5-7, 9-10,23-24,32; Saggeus se blydschap 19:6. Die Evangelie begin en eindig met blydschap, Maria se gees jubel oor God haar Verlosser (1:47); die dissipels keer met groot blydschap terug ná Jesus se hemelvaart (24:52)). Slegs in Lukas kom die lofsange voor van Maria (1:46-55) en Sagaria (1:68-79) en die engele (2:14) en van Simeon (2:29-32).

Lukas beklemtoon dat wat gebeur **op bevel van God en volgens sy plan is**. Maria aanvaar haar swangerskap as die wil van God (1:38). Die Fariseërs en die wetskenners het God se plan vir hulle verwerp (7:30). In Getsemane bid Jesus dat God se wil geskied (22:42); 'soos geskrywe is' moet vervul word (18:31; 22:37). Dikwels word gesê dat Jesus iets moet doen: 2:49 moet Hy met die dinge van sy Vader besig wees; 4:43 moet Hy die evangelie in die ander dorpe verkondig; 13:16 moet Hy op die Sabbat gebreklikes/siekes genees; 19:5 moet Hy in Saggeus se huis oorbly. Sy hele bediening is onderworpe aan hierdie 'moet' 13:33; veral sy lyding en dood wat tot verheerliking lei (9:22; 17:25; 22:37; 24:7,26,44). God is konstant besig met die lewe van mense om sy verlossingsdoel deur te voer.

Die onbelangrike en minderbevoorregte mense van destyds ontvang besondere aandag van Jesus om hulle menswaardigheid te herstel en die hele samelewing van destyds en van vandag op nuwe verhoudings van liefde te stuur:

Lukas gee besondere aandag aan die rol van **vroue**, wat in Jesus se tyd nie geag is nie: Maria 1:27, Elisabet 1:36, Hanna 2:36, Martha en Maria 10:38-39, Maria Magdalena 8:2, Johanna 8:3, Susanna 8:3, Maria die vrou van Jakobus 34:10, die weduwee van Sarfat 4:26, die weduwee van Nain 7:11, die sondares wat Jesus se voete gesalf het 7:37, die vrou wat bloedvloeiing gehad het 8:43; die vrou wat Jesus se moeder geseënd noem 10:27; die gebreklieke vrou 13:11; die vrou wat suurdeeg inwerk 13:21; die arm weduwee wat alles wat sy gehad het gegee het 21:2, die vroue van Jerusalem wat oor Hom gehuil het 23:28, en in die gelykenisse; die vrou wat haar geldstuk verloor het 15:8, die weduwee en die onregverdige regter 18:3.

Lukas maak dit duidelik dat Jesus in **kinders** belangstel. Lukas begin met die

geboorte van Jesus en sy kinderdae, en ook van Johannes die Doper se geboorte en naamgewing. Lukas praat van die 'enigste seun' en 'enigste dogter' van die mense oor wie hy skryf; 7:12 weduwee van Nain; 8:42 van Jaïrus; 9:38 seun met stuiptrekkings. Jesus vergelyk die Fariseërs en wetskenners met kinders op die markplein wat nie wil dans of treur nie (7:32). Wie 'n kind in Jesus se Naam ontvang, ontvang vir Hom (9:47-48). Die koninkryk van God behoort aan mense wat soos kinders na Jesus toe kom; wie die koninkryk van God nie soos 'n kind ontvang nie, sal beslis nie daar ingaan nie; en Hy raak die kindertjies aan (18:15-17). Die vroue van Jerusalem moet huil oor hulleself en hulle kinders (23:28).

Lukas skryf hoe die genade van God tot mense gekom het. Selfs die eenvoudigstes, verlore nes en diegene op wie mense neersien, is die voorwerpe van God se liefde, soos die **armes** in 4:18; 7:22 die evangelie word aan die armes verkondig, 6:20 geseënd is julle wat arm is, 14:13,21 nooi die armes, kreupeles, verlamdes, en blindes na jou feesmaal; 16:19,22 die arm bedelaar Lasarus, 18:22 deel jou goed onder die armes uit; soos Saggeus 19:8 en die arm weduwee 21:2-3.

Ook bv. die onbetroubare **skaapwagters** wat die eerste getuies van Jesus se geboorte word 2:8,17. Sy eerste dissipels was ongeleerde **vissers** (vgl. Hand 4:13), en '**n tollenaar** 5:27, vgl. ook die tollenaars wat na Johannes die Doper gekom het om gedoop te word 3:12; 7:29; die Fariseërs en skrifkenners wat mor omdat Jesus saam met tollenaars en sondaars eet 5:29-30, 15:1-2; Jesus word genoem 'n vriend van tollenaars en sondaars 7:34; vgl. die tollenaar wat gebid het 18:10,11,13.

Lukas beskryf die plan van God wat in die Skrifte aangekondig is om **sondaars** te red. Jesus voer God se plan uit, deur sy prediking en wonderdade, deur sy lyding, sterwe, opstanding en hemelvaart. Jesus stuur sy volgelinge na alle volke en rus hulle toe om Hom te volg en sy opdrag uit te voer om met woord en daad van Hom en sy redding te getuig. Slegs Lukas en Johannes van die vier Evangelies noem Jesus die Verlosser (*sōtēr* Luk 1:47; 2:11; Joh 4:42; ook in Handeling 5:31; 13:23 en dikwels in Paulus en Petrus se briewe; een keer elk in 1 Joh en Judas).

---

# Die Evangelie volgens Lukas: Jesus verskyn aan die dissipels (Luk 24:36-49) – Francois Maľan

24:36 Terwyl die dissipels nog oor die dinge praat staan Jesus self tussen hulle en sê vir hulle: 'Vrede vir julle.' Die Jesus wat nou orals teenwoordig is, tree uit sy verborgenheid te voorskyn. Joh 20:19 verduidelik daarby dat die deure waar die dissipels vergader het daardie Sondagaand gesluit was en dat Jesus tussen hulle kom staan het met sy vredegroet (die gewone Joodse groet, *shalōm lekēm*).

24:37 Verskrik en beangs dink hulle dat hulle 'n gees (van iemand wat gesterf het) sien. Dit ten spyte van die getuienis van Petrus en die twee Emmausgangers dat hulle Jesus self gesien het, en dat Hy vooraf gesê het dat Hy gaan opstaan. Toe Hy in die nag na hulle toe op die see geloop het, het hulle ook beangs geskreeu omdat hulle liggelowig gedink het hulle sien 'n spook (Mark 6:49).

24:38 Die gedagte van 'n gees kom uit 'n verwarde hart. Jesus vra 'waarom is julle onder groot spanning en kom daar twyfel in julle harte op?' Dit kom uit die skielike ontmoeting met die bo-natuurlike. Soos die Emmausgangers het hulle Jesus leer ken voordat hulle Hom herken het. Daarby het hulle nog geen idee van hoe die veranderde liggaam gaan wees nie – onsterflik, 'n geestelike liggaam in heerlijkheid (1 Kor 15:42-44).

24:39 Aan sy hande en sy voete kan die merke van die kruisspykers gesien word – dit is Ek self (*egō eimi* 'Ek is' – Dit is ook sy identiteit, Hy is die teenwoordige God, vgl. Eks 3:14-15). Hy is God met die merktekens van die kruis. Dat Hy werklik gesterf en opgestaan het, word bewys dat aan sy liggaam (*sarks*) en bene gevat kan word (vgl. Joh 20:20,27; 1 Joh 1:1). Hy is nie 'n gees of 'n spook sonder liggaam nie. Hy het mens (*sarks*) geword (Joh 1:14), en na sy opstanding is Hy nog 'n mens, maar met 'n verheerlikte liggaam.

24:40 Na sy woorde wys Hy ook vir hulle sy hande en sy voete, om hulle te verseker dat dit Hy is, die gekruisigde, wat opgestaan het en nou hier by hulle is (vgl. Joh 20:20).

24:41-43 Van vreugde oor sy teenwoordigheid kon hulle dit steeds nie glo nie en was verbaas oor die wonder van sy opstanding. Die dissipels wat van droefheid aan die slaap geraak het in Getsemane (22:45) is nou van vreugde nog ongelowig. Oorweldig deur hulle vreugde is dit vir hulle te goed om waar te wees. Daarom vra Jesus vir iets om te eet. Voor hulle oë eet Hy van die vis wat hulle vir Hom voorsit, ook as bewys dat Hy liggaamlik opgestaan het uit die dood, en dat Hy werklik teenwoordig is by hulle. Hy het ook die dogtertjie van Jairus laat eet nadat Hy haar uit die dood opgewek het om te wys dat sy waarlik lewe (Luk 8:55).

24:44 Daarna gee Jesus aan hulle sy laaste reeks woorde, sy testament. Dit is sy heilige bemaking aan sy kerk wat hulle onveranderd moet onthou. Hy herinner hulle aan die woorde wat Hy aan hulle gerig het toe Hy 'nog saam met hulle was' – as aanduiding van sy aardse bestaan. Dit het ook verwys na die noodwendigheid van die vervulling van wat geskryf staan in die Wet van Moses (die eerste vyf boeke: Genesis-Deuteronomium) en die Profete (vroeëre profete: Josua-2 Konings (sonder Rut), die latere profete: Jesaja-Esegiël (sonder Klaagliedere) met die twaalf kleinere profete Hosea-Maleagi) en die Geskrifte (die eerste boek is Psalms en daarna Job, Spreuke, Rut, Hooglied, Prediker, Klaagliedere, Ester, Daniël, Esra, Nehemia, Kronieke – dit is die volgorde van die Hebreeuse Bybel). Vir Jesus en sy dissipels en ook vir die gemeente het dit besondere betekenis. Die Griekse vertaling daarvan was ook die Bybel van die vroeë kerk, voordat die geskrifte in die Nuwe Testament stelselmatig bygekom het om die Ou Testament vanuit Jesus se woorde, lewe, dood en opstanding as die vervulling van die Ou Testament uit te lê en toe te pas.

24:45 Ná sy verwysing na alles wat in die hele Skrif oor Hom geskryf is wat vervul moes word, open Hy die oë van hulle verstand, hulle manier van verstaan, om self te verstaan wat die Skrifte oor Hom en sy kruisdood en opstanding sê. In Efesiërs 1:17-18 bid Paulus 'dat die God van ons Here Jesus Christus...vir julle die Gees van waarheid en openbaring wat in kennis van Hom bestaan, sal gee sodat julle geestesoë (letterlik: die oë van julle hart) verhelder kan word en julle kan verstaan...die hoop van sy roeping...die rykdom van sy erfenis...grootheid van sy mag.' In Hand 16:14 vertel Lukas dat die Here die godvresende Lidia se hart oopgemaak het om ag te slaan op wat Paulus oor Jesus Christus gesê het. Die gemeente voer hulle verstaan van die Skrif terug na die Paasgebeure. Soos Jesus die harte en verstand van die Emmausgangers geopen het om die Ou Testament reg te verstaan (Luk 24:31-32), doen Hy dit nou vir die hele groep wat hier vergader is, sy kerk (die woord 'kerk' kom van die Griekse *kuriakê*, 'wat aan die Here behoort, die Here s'n').

24:46 Hier gee Jesus die kern van sy boodskap aan al sy volgelinge deur die eeue, die dubbele raaiselagtige gebeure van die Seun van God (Luk 1:35; Rom 1:3-4). Christus, die Joodse verwagte Messias, 'moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan.' Dit gaan teen alle messiasverwagtings en alle menslike denke in. Dit word die sleutel tot die Skrif en word deur die Skrif verhelder. Paulus noem dit in 1 Kor. 15:1-5 die wesenlike van die evangelie, dat Christus vir ons sondes gesterf het volgens die Skrifte (Jes. 53:8-9): Hy is begrawe en op die derde dag opgewek volgens die Skrifte (Ps. 16:10; soos in Hos. 6:2; Jona 1:17), en Hy het aan Sefas verskyn en toe aan die twaalf...'

24:47 Die geskiedenis van Israel met die voorspellings/profesieë van die heilstyd, met ander woorde die Ou Testament as profesie oor Jesus waarna Lukas verwys, is die eerste tyd. Die tyd van Jesus wat in die Evangelies beskryf word is die middel van die heilsgeskiedenis. Die tyd van die kerk se getuienis en sending onder leiding van die Heilige Gees wat in Handeling begin beskryf word, is die derde tyd. (Hand 1:1 verwys na die Evangelie van Lukas as sy 'eerste boek – *logos*'). Jesus het die eerste lede van sy kerk op sy opstandingsdag bymekaar laat kom en aangestel as verkondigers van Hom wat gely en opgestaan het (*anístamai*). In Jesus se Naam moet aan alle nasies verkondig word om hulle te bekeer tot vergewing van hulle sondes deur geloof in Jesus se soenoffer vir die sonde. *Metanoia* 'bekering' beteken om jou lewenswyse te verander as gevolg van 'n totale omkeer van jou siening en houding oor sonde en hoe om jou saak met God reg te stel, dat jy nie op jou eie goeie werke vertrou nie, maar geheel en al op die werk van Christus se sterwe aan die kruis vir die sonde van die wêreld.

Die opdrag om na alle nasies te gaan is 'n vervulling van God se belofte aan Abraham in Genesis 12:3 'In jou sal al die volke van die aarde geseën wees.' Simeon het reeds by Jesus se geboorte geprofeteer dat die baba 'n lig is wat vir die nasies tot openbaring dien (Luk 2:32a). Johannes die Doper het Jesaja 40:5 aangehaal: 'Dan sal alle vlees sien hoe God verlossing bring' (Luk 3:6). Daarmee word alle nasies opgeroep om deur geloof in Jesus tot die volk van God te behoort.

Met die uitvoering van die opdrag moet hulle in Jerusalem begin. Dit wys dat God nie Israel verwerp het nie, maar vir hulle 'n deur na Hom toe oopgemaak het om deur Jesus na Hom toe te gaan. Simeon het ook gesê dat die baba in sy arms eer bring aan die Here se volk Israel (Luk 2:32b).

24:48 'Julle is getuies van hierdie dinge.' Hulle is getuies van Jesus se

kruisiging en sy opstanding uit die dood en die betekenis daarvan. Hulle is getuies van sy Naam, dit is van sy persoon en van sy werke. Hulle wat weer in die gemeenskap met Jesus opgeneem is nadat hulle Hom verlaat het, is getuies van hulle bekering en sondevergewing deur Jesus. So is hulle getuies van Jesus se vergewing van sonde wat hulle self beleef het. Die woord *martus* 'getuie' is ook die woord vir martelaar, bloedgetuie, wat sy lewe gee vir die getuienis oor Jesus, selfs as dit hulle lewe sou kos, soos vir die diaken Stefanus en die apostel Jakobus (Hand. 7:59-60; 12:2) en baie martelare vir Christus deur die eeue.

24:49 God het belowe om hulle toe te rus vir die opdrag. Sy gawe is die Heilige Gees wat in ons kom woon om ons te lei en te versterk in die geloof. Daaroor wei Lukas later uit in Handeling 2. Die tyd van die kerk begin met Jesus se hemelvaart. Dan sal Hy sy gemeente toerus met krag uit die hoogte. Hy gaan self met sy werk voort deur sy getuies in die wêreld, deur in hulle te kom woon. Sagaria het al geprofeteer dat, danksy God se innige ontferming, die môreson uit die hoogte oor ons opkom, om te skyn oor diegene wat hulle in die duisternis en in die skaduwee van die dood bevind, en om ons voete op die pad van vrede te plaas (Luk 1:78). Die gemeente ontvang die 'krag uit die hoogte' soos 'n kleed waarmee ons bekleed word (*endusêsthe* passief) as beeld van die Heilige Gees wat in ons kom woon (Hand 1:4). Die Gees sal ons bekwaam maak vir ons getuienistaak. Hy kom ons verander om soos Jesus te word, vol liefde, vreugde, vrede, vriendelikheid, geduld, goedheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing (Gal 5:22).

---

# **Die Evangelie volgens Lukas: Jesus verskyn op pad na Emmaus (Luk 24:13-35) – Francois Maľan**

Eusebius (313 n.C. se *Eccl hist.* 3.11.1 en 3.32.3-7) skryf dat Hegisippus ('n Joodse Christen uit die 2e eeu n.C.) geskryf het dat Klopas wat in die Skrif genoem word,

'n broer was van Maria se man Josef, met ander woorde, dat Klopas 'n oom van Jesus was. Klopas se vrou was ook 'n Maria (Joh 19:25) en hulle seun Simeon het vir Jakobus, Jesus se broer, opgevolg as leier van die gemeente in Jerusalem. Hierdie Simeon, wat 120 jaar oud geword het, het vir Jesus geken, en is in 107 n.C. deur die Romeinse konsul Attikus vir dae lank laat martel en toe gekruisig (vgl. ook Eusebius 4.21.4). Moontlik was Kleopas van Luk 24:18 dieselfde as Klopas in Johannes 19:25, wat net verskillend gespél is deur die twee Evangelieskrywers. Die twee manne was moontlik Kleopas en sy seun Simeon, wat nou al in die dertig moes gewees het. By hulle twee kon Lukas moontlik die verhaal van die Emmausgangers gehoor het, toe Lukas saam met Paulus in Jerusalem was, ná sy derde sendingreis (vgl. Hand 21:17).

24:13 'En kyk!' – Lukas vra die leser se aandag vir 'n besondere verskyning van Jesus, wat slegs in Lukas opgeteken is. Volgens Lukas is dit die eerste verskyning van Jesus ná sy dood. Lukas gee 'n kunstige en uitgebreide verhaal van die verskyning, wat op 'n kenmekaar en 'n hereniging uitloop. Die verskyning van die opgestane Christus is vir Lukas die bewys dat Jesus opgestaan het. Daarmee lei Lukas in sy twee geskrifte die tema in van die Opgewekte wat as onbekende wandelaar sy volgelinge begelei, as gas by hulle liefdesmaal teenwoordig is, en by die breking van die brood beleef word.

Twee van Jesus se volgelinge stap die Sondag van Jesus se opstanding die ongeveer sewe myl van Jerusalem af na die dorpie Emmaus. Waar Emmaus geleë is, is nie met sekerheid te bepaal nie. Soos die meeste van die feesgangers is hulle op pad huis toe na die Pasga.

24:14 Die twee loop en gesels (*homileō* met mekaar praat) oor alles wat gebeur het, waarskynlik oor Jesus se verhoor, kruisiging, begrafnis, en nou berigte oor sy opstanding.

24:15 Terwyl hulle loop en gesels (*homileō*) en bespiegel (*sudzêteō* redeneer met verskillende menings oor 'n saak en 'n oplossing daarvoor soek), kom Jesus nader en loop saam met hulle – *sunporeuomai* 'saam loop' het Lukas reeds in 7:11 gebruik vir die volgelinge van Jesus wat saam met Hom geloop het, en in 14:25 van die groot skares wat saam met Hom geloop het. Hier is dit Hy wat as die onbekende wandelaar saam met hulle kom loop om die beloftes oor sy lyding in die Skrif aan hulle te verduidelik. Vir hulle is dit die begin van Christus met hulle.

24:16 Hulle oë is egter weerhou om hom te herken (is weerhou, passief. Om die Naam



van God nie ydellik te gebruik nie, gebruik Bybelskrywers dikwels die passiewe vorm van die werkwoord. Hier is dit 'n aanduiding dat God hulle oë weerhou het). Hulle oë moes eers deur Hom geopen word om Hom te herken en in Hom te glo as hulle Opgestane Heer.

4:17 Jesus vra hulle toe: 'waaroor loop julle met mekaar en redeneer (*antiballō* bespreek met teenstrydige menings)? Hulle gaan staan as mense wat treur en moed verloor het (*skuthrōpoi*). Jesus se benadering is om saam met hulle te loop, en vrae te vra om hulle diepste gedagtes aan Hom bloot te lê.

24:18 Kleopas vra vir Jesus of Hy die enigste vreemdeling (*paroikos* iemand wat vir 'n bepaalde tyd nie in sy normale woonplek is nie) in Jerusalem is, wat nie weet wat hier gebeur het en nie saam met hulle verward is nie. Daaruit is dit duidelik dat hulle nie glo dat Jesus opgestaan het nie en die getuienis van die vroue nie aanvaar het nie. Hulle neem ook aan dat al Jerusalem se inwoners weet wat daar gebeur het. Eintlik is Jesus vir die Jode 'n gas en vreemdeling onder mense, met sy woorde en optrede wat vir hulle vreemd is.

24:19 Jesus prikkel hulle met 'n verdere vraag: 'Watter?' wat verwys na die dinge waaroor hulle met mekaar praat. Hulle verwys toe na Jesus van Nasaret, 'n man, 'n profeet, kragtig in werk en woord voor God en die hele volk. Van sy profeteskap is hulle oortuig. Die werk van 'n profeet was juis om die woord van God aan mense bekend te maak deur sy optrede en woorde. En dit het hierdie man van Nasaret in getrouheid aan God aan die hele volk bekendgemaak volgens hulle twee. Met die aankondiging van Jesus se geboorte het die engel aan die herders gesê hy bring vir hulle 'n goeie boodskap wat vir die hele volk 'n bron van groot vreugde sal wees (Luk 2:10). Hier erken die Emmausgangers dat Jesus se kragtige werke en woorde die hele volk geraak het.

24:20 Hulle lê die skuld vir Jesus se dood en kruisiging vierkantig op hulle volksleiers en die leierpriesters. Die woord *paradōmi* vir oorlewer, beteken ook verraaï. Die twee mans beskou hulle leiers se misdaad as verraad, 'n optrede teen God en teen sy volk.

24:21 Vir die twee manne was Jesus meer as net 'n profeet. Hulle het in Hom die Verlosser vir Israel gesien. Wat gebeur het, het hulle hoop wat hulle van Hom gehad het, verydel. Hulle het die nasionale bevryding van Israel verwag met die onthulling van sy Messiasskap, die Koning wat kom in die Naam van die Here, soos hulle gesing

het met sy intog (Luk 19:38). Met die aanbreek van die derde dag, waarvan Hy voorspel het dat Hy sal opstaan, is hulle hoop teen die einde van die derde dag eintlik verby.

24:22-23 Hulle hoop het nog 'n slag opgeflikker maar hulle weet nie so mooi nie. 'n Aantal vroue uit hulle geledere het hulle heeltemal dronkgeslaan (*ekshistêmi*). Met hulle vroegoggend-besoek by die graf het die vroue nie die liggaam gekry nie. Toe hulle teruggekom het, het hulle vertel dat hulle 'n visioen/gesig gehad het van engele wat sê dat Jesus lewe (*hoptasia* 'n visioen, 'n gebeurtenis waarin iets duidelik en eg is vir jou denke).

24:24 Enkeles uit die groep volgelingen van Jesus het ook graf toe gegaan en dit net so gevind soos die vroue gesê het, maar Hom het hulle nie gesien nie. Omdat die manne nie soos die vroue die engele gesien het nie, is hulle bevestig in hulle idee oor die vroue se leë praatjies (Luk 24:11). Daarmee het die dissipels se hoop heeltemal versink en is hulle nou verward in hulle denke oor Jesus. Die dissipels se latere geloof in die opstanding van Jesus het duidelik nie in die kring van die Jesusvolgelingen ontstaan deur die berig oor die leë graf nie. Hulle twyfel is eers oorwin toe Jesus hulle oë geopen het en hulle toe geglo het dat Hy opgestaan het uit die dood.

24:25 Jesus sê vir hulle '0, onverstandiges... Met '0' word hulle direk aangespreek en 'onverstandiges' genoem (*anoêtoi* dwases, stompsinniges – onwillig om te dink sodat hulle kan verstaan). In Luk 9:45 het Lukas reeds gesê dat die betekenis van Jesus se woord oor sy opstanding vir hulle verborge was. Hierdie onverstandigheid kom uit hulle valse verwagtings oor die Messias (vgl. 24:21 en Luk 19:11). Daarby sê Jesus dat hulle 'stadig/traag/talmend van hart is om te glo' – wat hulle verhinder om te hoor of te begryp en so tot ander insig te kom (*kardia* 'hart' in Grieks, soos *leb* in Hebreeus fokus nie op die emosionele nie, maar op die denke, die bron van jou innerlike lewe). Daarom kon hulle nie begryp wat die profete alles gesê het nie. 'Alles' verwys na die hele omvattende profetiese verkondiging van die Ou Testament oor die koning wat sou kom. Hulle het 'n gesalfde (messias) koning verwag wat hulle politieke sou bevry van die Romeine, soos Dawid in die ou tyd. Maar vir 'n Messias wat ook die lydende Koning van die Here is, wat vir ons sonde deurboor is (Jes 53) hulle geen begrip gehad nie.

24:26 Hulle het vertel van Jesus die groot profeet wat magtig was in woord en daad voor God en die mense (24:19). Jesus se retoriese vraag aan hulle is: 'Moes die

Christus (hulle verwagte Messias, Gesalfde Koning, Profeet, Priester) nie hierdie dinge ly en (alleen so) in sy heerlikheid ingaan nie? (vgl. Luk 9:22). Dit kon hulle ook uit die profete se geskifte geleer het. Met dié vraag vul Jesus hulle siening van Hom as 'n profete aan met 'n nuwe insig in sy messiasskap. Hy gaan sy koninklike heerlikheid in, juis deur sy lyding en sterwe uit liefde vir die mensdom en sy skepping, om mense na Hom toe te trek (Joh 12:32-33). Die raaisel oor Dawid se seun, waarmee Jesus sy vyande getroef het in Luk 20:41-44 word hier uit die Skrif belig.

24:27 So begin Jesus vanaf Moses (die Wet, nl. die eerste vyf boeke van die Bybel) en die Profete (vroeë en laat-profete) en al die Geskifte oor Hom vir hulle uit te lê (die drie dele van die Hebreuse *Tenach: Tora, Nebiim, Ketubim*). In die lig van die Skrif verloor Jesus se lyding en sterwe die skyn van sinneloosheid en word dit met diepe sin en betekenis gevul. In die onbegryplike en skynbaar sinnelose lyding van Jesus kom God se wil om die mensdom te verlos tot sy volle betekenis. Na die sondeval het die profesieë oor God se verlossing reeds begin: Uit die Wet – Eva se nageslag sal die kop van die slang vermorsel en die slang sal hom in die hakskeen byt (Gen 3:15); uit die Geskifte Ps 22: hulle het my hande en my voete vasgemaak; v7-9 ek is deur die mense bespot; v19 hulle verdeel my klere onder mekaar, hulle loot oor my klee; v16 my tong kleef aan my verhemelte; v2 my God, my God, waarom het U my verlaat; uit die Profete Jesaja 53 (vgl. bv. Luk 22:37).

Vir Lukas is hierdie gedeelte so belangrik dat hy dit herhaal in 24:44-48. Deur die hele Ou Testament word die plan van God, wat moes eindig aan die kruis, uitgewerk. Die skrikwekkende van die sonde word dwarsdeur die Ou Testament beskryf en so ook die diepe liefde van God. Die twee saam, die mens se sonde en God se liefde, het Golgota onvermydelik gemaak. Die twee Emmausgangers het 'n verkeerde idee gehad oor wat die Ou Testament verkondig en het daarom verkeerde idees oor die kruisiging van Jesus. Die Skrif het vir Jesus sy weg gewys. Deur die paasgeskiedenis het Jesus sy verstaan van die Skrif vir sy volgelinge geopen. In die uitlegging en prediking van die Skrifwoord is Hy teenwoordig en werksaam (vgl. vers 32). Deur die woord van die Skrif kom die onbekende Wandelaar na sy mense toe.

24:28-29 Toe hulle by hulle dorpie kom laat die twee Emmausgangers hulle onbekende begeleier nie los nie, en dring by Hom aan (*parabiazomai*) om by hulle te bly, want dit is al amper aand. Jesus willig in en gaan saam om by hulle te bly. Jesus kom nie ongenooïd na hulle toe nie, daarom dat Hy die indruk geskep het dat Hy verder gaan. Lukas gebruik digterlike taal vir Jesus se optrede: *prosepoiêsanto* (Hy het die indruk geskep om) *porrōteron* (verder) *poreuesthai* (te gaan). Sy Skrifuitleg het

hulle duidelik laat nadink en hulle wou nog meer van sy gemeenskap geniet. Hebreërs 13:2 sê ook: Moenie versuim om gasvry te wees nie, want hierdeur het sommige, sonder dat hulle dit weet, engele as gaste ontvang (vgl. Abraham in Gen 18:1-8; en Lot in Gen 19:1-3). As hulle Jesus nie ingenooi het nie, sou hulle nie die besondere voorreg gehad het om die opgestane Jesus te sien nie.

24:30 Vir die gemeente in Laodisea wat loutarm geword het sê Jesus Hy staan by die deur en klop: As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek instap by hom en saam met hom eet en hy saam met My (Openb 3:20). So tree hierdie Gas in Emmaus op as huisvader: Hy neem die brood, spreek die seën uit, breek die brood, en gee dit vir hulle, soos Hy dit reeds volgens Luk 9:16 en 22:19 gedoen het.

24:31 Hulle oë, wat verhinder was om Hom te herken (v16), is op dié oomblik deur God geopen om 'die enigste vreemdeling in Jerusalem' te herken as die opgestane Christus Jesus. En op daardie oomblik het Hy uit hulle gesig verdwyn (letterlik: Hy het *afantos* onsigbaar vir hulle geword). Sy doel is met hulle bereik. Hulle glo nou dat Jesus uit die dood opgestaan het en dat Hy lewe, maar op 'n ander manier. Nou kan Hy oral en altyd by ons wees, al sien ons Hom nie. So het God Hom reeds aan Moses geopenbaar as Die Ek is, wat altyd aktief by ons teenwoordig is (Eks 3:14-15). En kon Jesus sy dissipels verseker: En kyk! Ek is met julle al die dae tot aan die einde van die wêreld (Matt 28:20), soos in Haggai 1:13: Ek is by julle, sê die HERE (die Ek is). In Joh 14:16-17,23 sê Jesus dat die Vader, en die Seun en die Heilige Gees by ons sal wees en in ons woon.

24:32 Met hulle oë wat geopen is (*dianoigō*) om Hom te herken, onthou hulle hoe Hy die Skrifte vir hulle oopgemaak het (*dianoigō*) dat hulle begin verstaan het waarom die Messias wat hulle verwag, vir hulle moes kom ly. So wil die Here ook die Skrif gebruik om ons oë oop te maak om Hom as ons Verlosser te ken. Paulus sê in 2 Kor 3 dat ons almal met ontsluitende gesig in die Skrif soos in 'n spieël die heerlijkheid van die Here aanskou, en dat ons deur die Gees van die Here al meer na die heerlike beeld van Christus verander word, sodat ons 'n brief van Christus is, wat gelees word deur alle mense.

Hulle harte, wat traag was om te glo (24:25), was brandende toe Hy die Skrifte vir hulle uitgelê het (soos Ps 39:4 sê: my hart het gegloei in my binneste; vgl. Jer 20:9). Dit is die vuur wat Jesus op die aarde wou kom aansteek (Luk 12:49), deur sy Gees wat elke mens kom verlig en van sonde kom reinig (vgl. Johannes die Doper se voorspelling in Luk 3:16). Dit is die Gees wat ons geestesoë (letterlik: die oë van

ons hart) verhelder, sodat ons kan verstaan wat die hoop van God se roeping bied en die heerlike rykdom van sy erfenis vir die heiliges behels (Ef 1:17-18). In Jeremia 31:33 sê die HERE oor die nuwe verbond wat Hy met ons sal sluit: 'Ek sal my woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê. Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees' (vgl. Eseg. 11:19).

24:33 Die brandende harte dryf hulle tot getuienis oor hulle opgestane Here. Hulle staan onmiddellik op en gaan terug na die groter dissipelgroep in Jerusalem. Die donker van die nag hou hulle nie meer terug om die ongeveer 7 km terug te stap nie (vgl. Luk 24:29).

24:34 Die groep dissipels en ander volgelinge ontvang hulle met die blye nuus: Die Here is waarlik opgewek (*égerthe* passief: deur God) en het aan Petrus verskyn (vgl. 1 Kor 15:5). Hoewel hulle die vroue se nuus met 'n knypie sout geneem het, het hulle Petrus se getuienis oor Jesus se opstanding met groot gejubel aanvaar.

24:35 Daarby voeg die twee getuies uit Emmaus hulle ontmoeting met die opgestane Jesus, wat Petrus se getuienis ondersteun. Hulle vertel hoe Jesus as huisvader die brood gebreek het en Hom daarmee aan hulle bekend gemaak het. Die vorige aand nog, tydens die Paasmaaltyd, het Jesus vir die twaalf die brood gebreek met die woorde 'Dit is my liggaam wat vir julle gegee word. Doen dit ter herinnering aan My' (Luk 22:19). So is sy liggaam gebreek ter versoening van die sonde van die wêreld. Hy is 'n ander tipe Messias-Koning as wat hulle verwag het, maar waarvoor hulle oë nou oopgegaan het. Hy is die lydende Knecht van die Here van Jesaja 53.

---

## **Die Evangelie volgens Lukas: Jesus word uit die dood opgewek (Luk 24:1-12) –**

# Francois Malan

24:1 Die vers sluit direk by die vorige aan. Die vroue wat vir die Sondagmôre se salwing voorberei het, is baie vroeg skemer op die eerste dag van die week na die graf met (hulle) geurige speserye. Daarmee wou hulle die begrafnis van Jesus gaan voltooi.

24:2-3 Die vroue kry 'n groot verrassing. Hulle vind dat die steen voor die graf weggerol is, gaan in en vind die graf leeg sonder die liggaam van die Here Jesus. Jesus se aankondigings dat Hy na sy dood op die derde dag sal opstaan (Luk 9:22; 18:33) het duidelik nie tot hulle deurgedring nie. Lukas is die enigste Evangelie wat uitdruklik sê dat hulle die liggaam van die Here Jesus nie gekry het nie. Dit word by die ander geïmpliseer (vgl. bv. Joh 20:3-13). So bly die geheim van hoe Jesus uit die dood opgestaan het, gewaarborg. Paulus verduidelik die geheimenis van die opstanding van die dooies met Jesus se wederkoms as: 'ons sal almal verander word' (1 Kor 15:51 *allassō* ons aard of natuur sal verander word: 'hierdie verganklike liggaam moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike liggaam met onsterflikheid' (15:53).

24:4 In hulle verwarring oor die dinge (*aporeisthai* verward, onseker, bekommerd, ontsteld) staan daar skielik twee manne in glinsterende klere by hulle, wat kom verduidelik wat hier gebeur het. Die glinsterende klere is tipies van Lukas wat daarmee 'n hemelse verskynsel aandui (vgl. Luk 2:9 die engele en die hemelse glans om die skaapwagters; 9:29 Jesus se klere wat skitterend wit geword het; Hand 1:10 twee mans in wit klere by die apostels; Hand 9:3 en 22:6 die lig uit die hemel wat Paulus omstraal het.

24:5 Die vroue was verskrik (*emfobōn* baie bevrees) en buig hulle gesigte na die grond toe voor die hemelse boodskappers. Die boodskap begin met 'n vermaning wat slegs in Lukas voorkom: 'Waarom soek julle die Lewende by die dooies?' Anders as die Joodse gebruik om 'grafmonumente vir profete te bou' (Luk 11:47) moet daar nie vir Jesus, die grootste profeet van alle tye, 'n monument gebou word waarheen telkens teruggekom word om daar aan Hom hulde te betoon nie. In Lukas 20:8 het Jesus in verband met Abraham, Isak en Jakob gesê: 'Die Here is nie 'n God van dooies nie, maar van lewendes. Wat Hom betref is hulle almal lewendes.' Dat Jesus die Lewende is, is 'n betekenisvolle woord. Hier dui dit ook op sy Godheid waarvan Johannes 1:4 sê: 'In Hom was lewe, en dié lewe was die lig vir die mense.' Daarby het Hy twee

maal vir hulle gesê dat Hy gaan opstaan (Luk 9:22; 18:33).

24:6-7 Die twee engele antwoord self op hulle vraag: 'Hy is nie hier nie, Hy is opgewek' (*êgerthê* passiewe vorm, verwys na God wat Hom opgewek het). Hulle herinner die dissipels aan Jesus se woorde in Galilea (Luk 9:22) dat Hy 'op die derde dag sal opstaan' (*anastênai* aktiewe vorm, self opstaan). So werk God ook vandag in en deur ons deur sy inwoning in ons en ons gebed tot Hom; Hy wek ons sodat ons kan opstaan om sy werk en sy wil aktief deur te voer.

24:8 Hulle het toe sy woorde onthou. Die pad wat Jesus geloop het van sy gevangening tot sy opstanding begin hulle in 'n nuwe lig sien. Hulle begin ook hulle ongeloof in Jesus se woorde raaksien. Maar hulle verwagting van die Messias/Christus, 'n Gesalfde Koning was so anders, dat hulle nie kon dink aan 'n Verlosser wat vir hulle aan die kruis en met sy dood en opstanding uit hulle sondige self en die dood kom verlos nie.

24:9 'En toe hulle teruggekeer het van die graf af...' – die woord *epistrefō* kan aandui dat hulle terug is na die stad toe, maar het ook die betekenis van terugkeer na geloof in Jesus en na sy woord dat Hy na drie dae sal opstaan. Die vroue word die eerste getuies van Jesus se opstanding uit die dood. Hulle gaan vertel alles wat hulle by die graf gesien het (die leë graf en die engele) en gehoor het (dat Jesus opgestaan het). Hulle vertel dit aan die elf apostels en die ander vriende van Jesus wat saam met hulle byeen was, en nog verslae is oor wat Vrydag gebeur het (vgl. Luk 24:33).

24:10 Onder die groepie vroue by die graf was daar Maria Magdalena van die dorpie Magdala aan die wes-oewer van die see van Galilea, uit wie Jesus 7 duiwels uitgedryf het (Luk 8:2); Johanna, die vrou van Gusa, 'n bestuurder van Herodes Antipas (Luk 8:3); hulle twee is van die vroue wat uit hulle eie bronne vir Jesus en die twaalf gesorg het (Luk 8:3); saam met hulle was Maria die moeder van Jakobus, wat in Luk 6:15 genoem word die seun van Alfeus – almal lojale volgelinge van Jesus uit Galilea (vgl. Luk 23:55).

[Mark 16:1 noem ook Maria Magdalena, en Maria die moeder van Jakobus (die seun van Alfeus, Mark 3:18); en voeg Salome, die suster van Jesus se ma Maria, by. Mattheus 27:56 noem Salome die moeder van die seuns van Sebedeus, m.a.w. Johannes en Jakobus was Jesus se neefs. Volgens Matt 20:20 het Salome vir Jesus kom vra dat haar seuns weerskante van Jesus sal sit in sy komende koninkryk. Salome is die vroulike vorm

van Salomo ('ryk aan vrede']].

24:11 Maar vir hulle, vir die apostels en ander vriende van Jesus, het die woorde van die vroue se getuienis gelyk soos pure nonsens (*lêros*) en hulle het die vroue nie geglo nie. Terwyl die vroue die woorde van die engele aanvaar het en onthou het dat Jesus vir hulle gesê het van sy opstanding, aanvaar die apostels nie stories van die vroue nie. In hulle oë is die vroue liggelowig. Tog het dit die apostels ontstel (Luk 24:22). Hulle, die apostels, onthou egter nog nie Jesus se woorde oor sy opstanding nie. Hulle hoë politieke verwagting van Jesus as die Messias, as die koning in God se komende koninkryk is deur die kruisiging heeltemal verduister.

24:12 Die impulsiewe Petrus hardloop egter graf toe en sien deur die opening in die rotsgraf slegs die grafdoeke wat op hulle eie lê. Hy gaan terug terwyl hy wonder oor wat gebeur het. Dit is vir hom duidelik dat hier 'n onverklaarbare ding gebeur het. Die doeke is nog daar maar die lyk nie. Die raaisel verdiep. Die vroue sien 'n leë graf sonder die liggaam van Jesus en hulle is verward, maar die engele klaar die verwarring vir hulle op. Petrus sien die doeke eenkant lê en begin wonder oor die storie van die vroue.

Johannes 20:3-10 vertel dat Petrus en 'die ander dissipel' daarheen gehardloop het en die doeke gesien het, apart van mekaar opgerol en die ander dissipel het geglo, maar nog nie die Skrif oor Jesus se opstanding verstaan nie (vgl. Luk 24:24). Johannes 20:1-18 vertel dat Maria Magdalena eerste by die graf was, en toe sy sien die klip voor die graf is weggerol, hardloop sy en vertel dit vir Petrus en die dissipel vir wie Jesus liefgehad het. Hulle hardloop toe daarheen en vind die doeke apart opgerol. Daarna het Maria buite die graf staan en huil tot Jesus aan haar verskyn het.

Markus 16:1-8 vertel van Maria Magdalena en die ander vroue wat by die graf ingegaan het en die jongman in wit klere wat vir hulle sê dat Jesus opgestaan het.

Mattheus 28:1-10 vertel, soos Markus, dat Maria Magdalena en 'n ander Maria graf toe is, 'n engel die steen weggerol het, dat hulle vir die vroue sê dat Jesus opgestaan het, en dat Jesus met hulle terugtog aan hulle verskyn het.